Naam: ______________________________

# Luister en Kyk: Navorsing

## Hoe doen mens navorsing?

Jy mag dalk wonder:

* Wat is navorsing?
* Hoe doen mens navorsing?

Of dalk dink jy:

* Is navorsing nie moeilik nie?

Vandag gaan jy meer oor die navorsingsproses leer en dan sal jy sommer sien dat navorsing eintlik lekker en maklik is om te doen!




### Stap 1:

Vind uit of besluit wat die onderwerp van jou navorsing is. Jou opvoeder sal gewoonlik vir jou sê waaroor jy navorsing moet doen. Voorbeelde van onderwerpe:

☆ Hoekom moet ons eet?

☆ Vind meer uit oor jou gunsteling televisieprogram en die karakters wat daarin verskyn.



### Stap 2:

Vra jouself die volgende vrae:

☆ Wat weet ek reeds oor die onderwerp?

☆ Wat weet ek nog nie oor die onderwerp nie? Wat moet ek nog oor die onderwerp gaan uitvind?

Skryf jou antwoorde neer. Dit sal jou met die volgende stap help.

## Stap 3:

Soek die inligting wat jy nodig het.

Jy kan boeke, die Internet, YouTube, tydskrifte, koerante en selfs sekere toeps (app) gebruik om jou inligting te soek. Maak altyd seker dat jy meer as een inligtingsbron gebruik.

## Stap 4:

Organiseer jou inligting! Jy kan die eerste stap van die skryfproses (beplanning) gebruik om jou te help. Jy kan ŉ kopkaart of enige ander grafiese organiseerder gebruik om jou te help om jou inligting te organiseer. Dink aan die volgende:

- ☆ Titel van jou skryfwerk
- ☆ Opskrifte wat jy in jou skryfwerk kan gebruik
- ☆ Feite wat jy onder elke opskrif kan skryf
- ☆ Interessante inligting wat jy ook wil noem

## Stap 5:

Skryf jou rofwerk. Dit is ook die tweede stap van die skryfproses.

Gebruik nou jou beplanning om jou eerste weergawe te skryf. Dit is ŉ goeie idee om jou onderwerp bekend te stel en dan een of twee interessante feite oor jou onderwerp in die inleiding te noem.

Skryf die res van die inligting onder jou ander opskrifte neer.

## Stap 6:

Hersien, redigeer en verbeter.

Maak enige foute reg. Verbeter jou sinne waar jy kan.
Verander enige woorde waarvan jy nie hou nie.



© e-classroom

## Stap 7:

Skryf jou finale weergawe!

Onthou om weer deur jou werk te lees wanneer jy klaar geskryf het.

## Stap 8:

Skryf ŉ bibliografie. Dit beteken dat jy ŉ lys maak van al die hulpbronne wat jy gebruik het. ŉ Bibliografie is baie belangrik, anders lyk dit dalk asof jy iemand anders se werk gesteel het. Maak dus seker dat al jou bronne ook in jou bibliografie genoem word. Maak ook seker dat jy die volgende oor elke bron insluit:

☆ Skrywer se voorletters en van

☆ Die jaar waarin die bron geskryf is

☆ Die titel van die artikel of boek

☆ Die webtuiste of toep waarop of die boek/koerant/tydskrif waarin jy die inligting gevind het. Indien jy ŉ Internetbron gebruik het, moet jy ook die skakel (link) na die bron neerskryf.



## Aktiwiteit

Oefen om ŉ bibliografie te skryf.
Die onderwerp waaroor jy moet navorsing doen is:



* Hoekom het ons kos nodig?

Soek een bron onder elke opskrif en vul die ontbrekende inligting in:

1. Internetbron:

   - Skrywer se voorletters en van: ____________________
   - Jaar waarin die artikel geskryf is: ____________________
   - Titel: ____________________
   - Webtuiste: ____________________
   - Skakel: ____________________

2. Tydskrifartikel:

- Skrywer se voorletters en van: ______________________________
- Jaar waarin die artikel geskryf is: ______________________________
- Titel: ______________________________
- Tydskrif se naam: ______________________________



3. Koerantartikel:

- Skrywer se voorletters en van: ______________________________
- Jaar waarin die artikel geskryf is: ______________________________
- Titel: ______________________________
- Koerant se naam: ______________________________

4. Boek:

- Skrywer se voorletters en van: ______________________________
- Jaar waarin die boek geskryf is: ______________________________
- Boek se naam: ______________________________

